# ONDERHOUD MET MNR. KIRKNESS

Mnr. John Johnston Kirkness is op die Orkney-eilande in die jaar 1857 gebore. In 1879 het hy as timmerman na Suid-Afrika gekom. Hy het in Durban, Ladysmith, Bethlehem, Barberton, Bloemfontein en ten slotte in Pretoria as timmerman en aannemer gewerk. Op Barberton het hy die Gereformeerde Kerk gebou. As gevolg van 'n dinamietontploffing het Kirkness in Barberton sy regteroog verloor.

Toe J.J. Kirkness die kontrak vir die bou van die Goewermentsgebou gekry het was boumateriaal in Pretoria skaars. Al die houtwerk vir die gebou het hy uit sy vader se timmermanswinkel op die Orkney-eilande laat kom. Die hout is van Noorweë en Swede na Orkney ingevoer, Van die fabriek is die deure, vensters, ens. na Durban verskeep en per spoor tot by Charlestown en van daar per ossewa na Pretoria vervoer. Die sandsteen vir die gebou is op die plaas Waterval by Pyramidstasie twaalf myl noord van Pretoria uitgehaal. Later is hier ook deur Kirkness steenkool gegrawe. Dit was 'n baie goeie soort sandsteen en Sir Herbert Baker wou dit later ook vir die Unie-gebou gebruik, maar daar was nie voldoende sandsteen op Waterval oor nie en sandsteen van Coalbrook, O.V.S. is toe gebruik.

Die leiklip vir die fondament is op Stinkwater by Hammanskraal gegrawe. Bakstene is op Groenkloof gebrand. 'n Italiaanse maatskappy het kort van tevore 'n steenmakery in Groenkloof begin maar het na 'n tyd die werk gestaak.
Mnr. J.J. Kirkness het die saak onderneem en een van sy voormanne wat in Staffordshire bakstene vervaardig het, het daarin geslaag om 'n goeie gehalte baksteen te lewer. Mnr. T. Kirkness sê dat die loodvensters, die klok ens. oorsee bestel is maar hy weet nie waar nie. Argitek Kraan van die firma Kraan en Wyers het met twee ander persone die hoeveelhede vir die Goewermentsgebou bereken.

Tydens die aanbou het werkmense 12/6 per dag gekry. Die goudmyne het toe £1. per dag betaal en Kirkness moes die lone verhoog met die gevolg dat hy geen wins op die transaksie (bou van die Goewermentsgebou) gemaak het.

**W. PUNT**

Opgestel: 18.X.1950.